

Vroue was nog altyd agter mans in navorsingsuitsette: Hoe Covid die situasie vererger het

Cyrril Walters, Armand Bam en Patrizio Piraino*

Die onderverteenwoordiging van vroue in navorsing is 'n goed-gedokumenteerde feit. Nuwe bewyse toon dat die Covid-19-pandemie hierdie ongelykheid vererger het en navorsingswerk wêreldwyd ontwrig het.

Maar nie een van hierdie studies, wat hoofsaaklik uit die globale Noorde kom, verskaf gedetailleerde verduidelikings vir die skaal van hierdie afname nie.

Ons navorsing bied die eerste omvattende studie wat lig werp op die ingewikkelde redes vir die afname in navorsing gedurende die grendeltyd wat deur die pandemie afgedwing is.

Ons het 'n opname onder 2 029 vroueakademici by 26 openbare universiteite in Suid-Afrika gedoen. Ander studies het getoon daar is groter verwagtings dat vroue die rol as primêre versorger in gesinne moet aanneem en gevolglik dele van hul loopbane moet opoffer. Net so word daar van vroue in die akademie verwag om hierdie rol te vervul om na studente om te sien en meer onderrig- en leerverantwoordelikhede as mans op hulle te neem.

Om jonger of veelvoudige afhanklikes in verskillende opvoedkundige stadiums te hê en die eise van tuisonderrig het volgens ons bevindings 'n negatiewe invloed op die uitsette van vroueakademici gehad. Mededingende rolle soos onderrig aanlyn en omsien na studente, tesame met die skerp toename in onderrigtyd, het 'n massiewe las op vroulike akademici geplaas. Hul navorsingsuitsette het daaronder gelei.

Vroue het ook die gebrek aan emosionele ondersteuning wat hulle as werkende akademici ontvang, genoem.

Ons bevindings

Die enkele belangrikste faktor wat die akademiese werk van vroueakademici beïnvloed, blyk te wees om jonger of veelvoudige afhanklikes tuis te hê. Oor die algemeen het die pandemie akademiese werk onder vroue met kinders die meeste beïnvloed. Altesame 54% van die respondente in ons studie het aangedui hulle het kinders wat tuis saam met hulle woon.

Uit ons studie is dit duidelik dat die ouderdom en opvoedkundige stadium van die kinders 'n groot bydrae tot die afname in produktiwiteit onder vroueakademici gelei het. Die eise van die versorging van kleuters en die skole se verwagtings van tuisonderrig het hul tol geëis. Akademici-ma's is vasgevang in die eise van mededingende rolle. Dit het aanlynonderrig, versorging van kwesbare studente, gerusstelling van angstige kinders, versorging van kleuters en tyd om navorsing en skryfwerk te doen, ingesluit.

Een van die sleutelbevindings in ons opname was die skerp toename in die eise van onderrigtyd gedurende die grendeltyd. Dit het die tyd wat vroueakademici aan navorsing sou spandeer, in beslag geneem. Akademici vervul verskeie rolle, insluitende onderrig, navorsing, die skryf van voorstelle vir befondsing, administratiewe take en ander take afhangende van hul rang en vakgebied. Ons opname het getoon dat die verspreiding van onderrig en navorsings nie naastenby gelyk was nie.

Die pad vorentoe

Hoewel die respondente in hierdie studie in Suid-Afrika gebaseer is, het hierdie – en vorige – navorsing dit duidelik gemaak dat die pandemie die akademiese onderneming wêreldwyd beïnvloed het.

Die pandemie hou 'n blywende bedreiging vir gendergelykheid in die akademie in. Ons doen 'n beroep op institusionele leiers, wetenskapsrade, akademiese verenigings en finansieringsliggame om beleide in plek te stel wat die loopbaanrisiko's wat vroueakademici gedurende die gedwonge grendeltyd ondervind het, sal verminder.

Dit is nie net die inwerkingstelling van nuwe beleide nie, maar ook die ingestelhede jeens sulke beleide wat aandag moet geniet. Om gendergelykheid in die akademiese onderneming te bereik, vereis institusionele verbintenis, asook kennis en vaardigheid om organisatoriese verandering moontlik te maak.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

****Cyrill Walters is 'n navorsers by die Universiteit Stellenbosch (US); Armand Bam is hoof van sosiale impak en 'n senior dosent by die Stellenbosse Sakeskool; en Patrizio Piraino is 'n ekonoom by die Universiteit van Notre Dame.***